Kruis tussen Angus en Nguni neem die voortou

LINKS: Die tipiese bou en voorkoms van 'n kruiskalf van 'n Angusbul en Ngunikoei waar 'n basterkrag-voordeel van 25% bo suiwer Ngunikalwers behaal word.
FOTO'S: VERSKAF

Die voordeel van heterose verseker swaarder speenkalwers in 'n terminale teelprogram met Angusbulle by Ngunikoeie.

Die voordele van die gebruik van 'n Angusbul by Ngunikoeie blyk duidelik in 'n kruisteel-projek met Angusbeeste by die Vaalharts-navorsingstasie van die Noord-Kaapse departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling naby Jan Kempdorp.

Die projek is deur me. Anette Theunissen aangevoer, onder leiding van dr. Michiel Scholtz van die Landbounavorsingsraad in Irene.

Die hooffokus van die projek is die kruisteling van Angusbulle – bekend vir hul vleisgehalte en handelsmerk – met Ngunikoeie. Nguni's is goed aangepas by plaaslike omstandighede en het 'n goeie stapvermoë en weerstand teen inheemse siektes en parasiete.

Die kruisteling kan beskryf word as terminaal of finaal aangesien al die aanwas van die projek vir die vleismark bestem is. Dié kalwers kan maklik uitgeken word. Hulle is meestal swart, poena en met die tipies blokvormige bou van die Angus.

Só 'n kruisteelstelsel lewer die maksimum basterkragvoordele aangesien die Angus en Nguni geneties wyd verskil. Heterose (basterkrag) kom veral voor wanneer twee rasse wat soveel verskil, gekruisteel word en die nageslag eienskappe toon wat meerderwaardig is vergeleke met die afsonderlike ouerrasse.

Die speenprestasie en koeidoeltreffendheid, uitgedruk as kilogram kalf gespeen per grootvee-eenheid (GVE), is in die TABEL opgesom.

RESULTATE

Die resultate van dié projek kan as volg opgesom word:

- Die aangepaste (205 dae) speengewig van die Angus x Nguni-kalwers was 35 kg meer as dié van suiwer Nguni-kalwers.
- Die koeigewig by speentyd blyk geen impak te hê op die speengewig van die kalwers nie.
- Die koeidoeltreffendheid van Ngunikoeie met Angus-kruiskalwers is met 25% verbeter.

Kommersiële vleisboere wat met Nguni's boer, word daarom aangeraai om die voordele van Angusbulle in hul kuddes te gebruik. Die kruisteling tussen Ngunikoeie en Angusbulle lewer uitstekende basterkragvoordele met 'n hoër speengewig en groter koeidoeltreffendheid. Hierdie voordeel van 25% is 'n geskenk van die natuur.

Die kruiskalwers word boonop verseker van aanvaarding in die Suid-Afrikaanse Angus-beesvleisprogram (SAAB) as die kommersiële vleisboer 'n geregistreerde, prestasiegeselekteerde Angusbul gebruik. Die SAAB-merk is die enigste handelsmerk van 'n beesvleisprogram met naspeurbaarheid in Suid-Afrika. **LBW**

HOOFFOTO: Angusbulle lewer in 'n kruisteel-program met Nguni's tipies poenakalwers met 'n stewige, blokkige bouvorm.

BO: Een van die geregistreerde, prestasiegeselekteerde Gannapan Angus-bulle (regs) wat by Vanwyksvlei by die Nguni-kudde gebruik word.

BRON: "Report on a crossbreeding project between Angus bulls and Nguni cows in the Northern Cape" (Scholtz en Theunissen, 2015)

SPEENGEWIG EN KILOGRAM SPEENKALWERS PER GROOTVEE-EENHEID (SCHOLTZ EN THEUNISSEN, 2015)

GENOTIPE	GESLAG	GEMIDDELDE AANGEPASTE SPEENGEWIG (KG)	KOEI-DOEL-TREFFENDHEID (KG KALF GESPEEN/GVE)
Nguni	V	141	115
Angus x Nguni	V	180	146
% verskil		28	27
Nguni	M	151	121
Angus x Nguni	M	182	148
% verskil		21	22

ANGUS-VEILINGS IN SEPTEMBER

- **9 September** - Veejay by Cathcart, Oos-Kaap (Chris, 082 879 2744)
- **15 September** - Dunedin by Dortrecht, Oos-Kaap (Carl, 073 330 5579)
- **15 September** - KZN-klub by Mooirivier, KwaZulu-Natal (Douglas, 082 413 9801)
- **16 September** - Syferpan by Queenstown, Oos-Kaap (Lawrence, 072 402 2028)
- **17 September** - Bossievlei by Moorreesburg, Wes-Kaap (Philip, 082 783 0011)
- **18 September** - Barkly-Oos by Barkly-Oos, Oos-Kaap (Martin, 082 458 6017)